# Taalstrukture en -konvensies
## Spelling, lees- en skryftekens

### Leestekens (*punctuation*)

Leestekens is baie belangrik in skryfwerk omdat dit die betekenis daarvan kan verander.

| Leesteken | Gebruik | Voorbeeld |
|---|---|---|
| Punt (*full stop*) | Aan die einde van 'n sin<br>By sekere afkortings | Die winkel het 'n uitverkoping.<br>Byvoorbeeld – bv. |
| Komma (*comma*) | Voor en na 'n aanspreekvorm<br>Tussen twee gesegdes (werkwoorde)<br>Voor voegwoorde soos maar, want, omdat | Pa, kan ek saam gaan asseblief?<br>Terwyl jy winkel toe gaan, gaan ek 'n middagslapie vat.<br>Ek hou van jou, maar jy moenie so lelik praat nie. |
| Vraagteken (*question mark*) | Na 'n vraag | Sal jy saam met my winkel toe gaan? |
| Uitroepteken (*exclamation mark*) | Na 'n bevel of uitroep | Gaan dadelik na jou kamer toe!<br>Hoera, ons kan vanmiddag die wedstryd gaan kyk! |
| Dubbelpunt (*colon*) | Voor direkte woorde of 'n lys van dinge wat opgenoem word | Jan vra: "Hoe gaan dit vandag?"<br>Jy het die volgende nodig: skêr, gom en papier. |
| Aanhalingstekens (*inverted commas*) | Om iemand se direkte woorde aan te dui | Ma sê: "Ek gaan gou winkel toe." |
| Kommapunt (*semi-colon*) | In die plek van 'n voegwoord | Ek gaan slaap; ek is moeg. |
| Hakies (*brackets*) | Dui ekstra inligting aan | Julle (Thabo en Sipho) moet dadelik klas toe gaan. |
| Aandagstreep (*dash*) | Lê klem op woorde wat daarna volg | Ek hou van sjokolade – te veel. |
| Ellips (*ellipse*) | Dui 'n onvoltooide gedagte aan | Ek wou jou nog vertel het, maar … |

1. Skryf die volgende sinne oor en voeg die korrekte leestekens in.
   a) Het julle die dag by die winkel geniet

   ______________________________

   b) Waarheen was julle op pad

   ______________________________

   c) Ai dis moeilik om die regte klere te kies

   ______________________________

   d) Kyk daar dis fantasties

   ______________________________

   e) Lucia jy moet jou sussie dophou in die winkel

   ______________________________

**Wenke**

In Afrikaans word die dubbelpunt in plaas van die komma voor direkte woorde geplaas.


© Oxford University Press Southern Africa

2. Die onderstaande sinne bevat die direkte woorde van die persone. Voeg die korrekte leestekens in.

   a) Ma vra Wanneer gaan julle winkel toe

   ______________________________________________

   b) Lucia antwoord Eers vanmiddag Ma

   ______________________________________________

   c) Pa glimlag en sê Julle vroumense darem Julle koop die winkels leeg

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   d) Thandi antwoord Ag ons hou daarvan om mooi te lyk

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   e) Die winkelassistent vra Kan ek julle dames help

   ______________________________________________

   f) Lucia sê Ja dankie dit sal gaaf wees

   ______________________________________________

3. Met watter leesteken kan die komma in elk van die sinne vervang word? Skryf die sinne oor en vervang die kommas met ’n ander leesteken.

   a) Tieners, veral meisies, is baie gesteld op wat hul aantrek.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   b) Mans, al is hulle baie oulik, verstaan nie waarom vrouens so baie van klere hou nie.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   c) Die nuutste modes, volgens die tieners, is meer gemaklik.

   ______________________________________________

   ______________________________________________

© Oxford University Press Southern Africa